LAERSKOOL BEAUMONT

Liewe Ouers 10 November 2011

Die volgende inligting is vir u aandag hierdie week:

1. VORDERING MET BOUWERK

Die swembadprojek is nou klaar, behalwe vir 'n bietjie opruimingswerk! Dit lyk fantasties en sommige van die kinders swem reeds in die swembad. Ons sal 'n pretgala op Vrydag 2 Desember hou om die swembad amptelik in te wy.

Heelwat vordering het hierdie week plaasgevind met die WKOD-uitbreidingsprojek, asook die opgradering van die administratiewe blok. Die leerders was gefassineerd met die yslike hyskraan en ons hoop om die betonblad op die Gr 1- vleuel en administratiewe blok teen die einde van die week op te hê. Foto's van die vordering met die bouproses kan op die skool se webblad besigtig word. Lugreëling is ook in ons 4 nuwe opslaanklaskamers geiinstalleer. Leerders en opvoeders is baie tevrede met hulle koeler klaskamers! Ons sal weer oor twee weke terugvoering oor die bouproses gee.

2. WILD WILD WEST GESINSDANS

Die Beaumont Gesinsdans sal op Saterdag 12 November van 19:00 – 23:30 plaasvind. Musiek word verskaf deur Angie Mitchell van die plaaslike groep Inside Out en daar sal ook lyndanse wees! Die koste van die kaartjies is: volwassenes R75 per persoon en kinders R25 per persoon. Kaartjies is beskikbaar by mev Minnie in die Sportkantoor. Vir meer inligting kontak asseblief vir Tootsi Lord by 0827560984 of mev Minnie by 0828769638.

3. EKSAMEN

Indien u kind siek is, versoek ons dat hy/sy eerder by die huis moet bly. Dit is onbillik om te verwag dat 'n kind wat sleg voel 'n eksamen moet aflê. Leerders wat eksamens misloop as gevolg van siekte, sal as afwesig aangedui word vir die betrokke toets. Geen leerder sal toegelaat word om vroeg huis toe te gaan nadat hy/sy 'n eksamen afgelê het nie. Ons vertrou dat alle leerders goed sal vaar tydens die eksamens. .

BELANGRIK: Ons Senior Fase leerders begin Vrydag 18 November 2011 met hul finale eksamen. Die skool sal daagliks vir alle leerders om 13:00 sluit vanaf Maandag 21 November 2011 tot Donderdag 8 Desember 2011. Die skool sluit Vrydag 9 Desember om 11:00. Die somer sportprogram eindig op Vrydag 11 November 2011.

4. KLASSE VIR 2012

'n Groot aantal ouers en kinders het by ons Graad R en 1 Oriënteringsdag op Dinsdag 1 November 2011 opgedaag. 190 voorskoolse leerders (insluitend Gr R en Gr 1 Afrikaans) het baie opgewonde by die skool opgedaag. Almal het die oggend baie geniet en ons is almal baie opgewonde oor die nuwe inname vir 2012.

5. BEAUMONT SKOOLUNIFORM WINKELURE

Beaumont se klerewinkel sal oop wees op die volgende dae vir die res van die 4de kwartaal 2011. Ons vra weer eens om verskoning vir enige ongerief veroorsaak met die bouwerk. U geduld word waardeer.

NOVEMBER

- Dinsdag 15 November 13:00-14:30
- Donderdag 17 November 13:00-14:30
- Dinsdag 22 November 12:45-13:30
- Donderdag 24 November 12:45-13:30
- Dinsdag 29 November 12:45-13:30

DESEMBER

- Donderdag 1 Desember 12:45-13:30
- Dinsdag 6 Desember 12:45-13:30
- Donderdag 8 Desember 12:45-13:30

6. SKOOLGELD

Onthou asseblief dat alle uitstaande skoolgeld teen Vrydag 9 Desember 2011 betaalbaar is.

Bankbesonderhede is soos volg:

LAERSKOOL BEAUMONT
REK NR: 53680066273
TAKKODE: 200512
VERWYSING: Jou skoolgeld rekeningnommer

Faks asseblief die bewys van betaling aan (021) 852-1295

Indien u nie die rekening teen hierdie datum ten volle kan betaal nie, kontak asseblief vir Margi van de Merwe in die finansiële kantoor. Indien u nog nie u voltooide debietorder vorm vir 2012 by die finansiële kantoor ingehandig het nie, skakel asseblief vir Margi (021) 851-7124 uitbr 1. Dit is noodsaaklik aangesien die skoolgeld van R825.00 na R905.00 per leerder per maand, vanaf 1 Januarie 2012, verhoog is. U samewerking word waardeer.

LET WEL: Ons verwys na die inligtingspakket wat deur alle ouers voltooi is wat u betalingskeuse vir die betaling van skoolgelde van R10860,00 vir 2012 aangedui het. Die volle bedrag van R10860,00 is vooraf betaalbaar teen 28 Februarie 2012 (min 7% afslag), tensy een van die alternatiewe betalingsopsies gekies is. Indien enige gedeelte van die totale skoolgeld nie betaal is soos wat op die finansiële pakket aangedui is nie, sal die volle bedrag dadelik betaalbaar wees en dan aan ‘n skuldeiser oorhandig word.

Indien u internetbetalings, krediet/debietkaartbetalings, aftrekorders of kontant/tjek by die skool gekies het, tref asseblief die nodige reëlings om te verseker dat betaling vanaf Januarie tot in Desember 2012 geskied. Indien u vir volle/gedeeltelike vrystelling aansoek gedoen het, skakel asseblief vir Margi in die finansiële kantoor by (021) 851-7124 uitbr 1 of margi@beaumont4u.co.za teen 9 Desember 2011 om die nodige aansoekvorms in te vul en besorg dit terug aan die skool teen einde Januarie 2012. Dankie vir u ondersteuning.

7. **RATANGA JUNCTION**

Beaumont kaartjiehouers kan nog steeds die dag by Ratanga Junction deurbring op Saterdag 26 November 2011. Die R100 kaartjie is ‘n 30% besparing op die huidige Ratanga Adventurer kaartjie. Kaartjies teen die afslagprys is steeds beskikbaar by die finansiële kantoor. Indien kaartjies op 26 November by Ratanga gekoop word, sal dit teen die gewone prys van R152.00 wees. Neem dus u kaartjie saam!

‘n Finale versoek – indien u nog in besit is van enige kaartjies wat nie verkoop is nie, handig dit asseblief dringend by die finansiële kantoor in.

8. KULTUUR

Die Junior en Senior kore het aan die Stellenbosch Woordkuns Fees, Koorsig , op Sondag 6 November by Laerskool A.F. Louw in Stellenbosch, deelgeneem. Die Junior koor het ‘n tweede plek in die Laerskool Kore afdeling verower, en die Senior koor het ‘n eerste plek behaal. Hul sal nou aan die WOW- konsert in die Endlersaal, Stellenbosch, in Maart 2012 deelneem, waar hulle die verhoog met verskeie bekende kunstenaars sal deel. Baie geluk aan al die deelnemers vir hulle prestasie asook hulle toewyding!

Die “Beaumont Sing-” aand wat op 3 November aangebied is, was ‘n pragtige geleentheid met al die Gr R en Gr 1-leerders wat ‘n koor gevorm het en aan die begin van die aand opgetree het. Hulle het pragtig gesing en is beslis ‘n talentvolle groep, aangesien hulle min tyd gehad het om voor te berei. Dankie aan al die betrokke onderwysers wat bygedra het tot die wonderlike ervaring wat die leerders gehad het.

Die Junior en Senior kore het ook deelgeneem en al die liedjies gesing wat hulle deur die jaar aangeleer het. Die aand het met ‘n massakoor geëindig, en die gaste het die geleentheid gehad om saam met die massakoor Kersliedere te sing. ‘n Groot dankie aan mev Goldberg en mev Odendaal vir hul harde werk deur die jaar en ook vir hul moeite om die kore vir hierdie geleentheid voor te berei. Dankie aan mev Bester wat die saal en voorportaal so mooi versier het om die regte atmosfeer vir die geleentheid te skep.

Die Musiekkonsert is op 4 November gehou en die talent van Beaumont is daar ten toon gestel. Al die musiekleerders het die geleentheid gehad om ‘n item op die musiekinstrument van hul keuse te lewer. Baie dankie aan die Musiekdepartement vir ‘n uitstekende aand. Weer eens dankie aan mev Bester vir die pragtige versiering van die saal!

9. BEAUMONT HET TALENT

Die 2011 Talentkompetisie vind op Maandag 5 Desember 2011 plaas en beloof om 'n aand vol verrassings, ongeloof, lag en selfs 'n bietjie verleentheid, maar veral TALENT te wees! Moenie hierdie aand misloop nie! Die aand begin om 19:00 en sal om 21:30 eindig. Kaartjies is te koop teen R30 by die finansiële kantoor. Verversings sal ook op die aand te koop wees.

10. TOYS FOR JOY

Ondersteun asseblief hierdie projek wat jaarliks deur die Helderberg Rotary Anns gedryf word. Hulle aanvaar speelgoed in 'n goeie toestand, en enigiets sal waardeer word, maar hulle is nie in staat om speelgoed reg te maak nie. Die speelgoed kan by mev Ytier in die Graad 4e1- klaskamer ingehandig word. Plaas asseblief die speelgoed in plastieksakke om dit makliker te maak om te stoor. **Die projek sal op Dinsdag 15 November 2011 eindig**. Ons maak weer eens staat op u ondersteuning om van hierdie projek 'n groot sukses te maak en om speelgoed aan minderbevoorregte kinders te voorsien.

11. HERWINNING

Die herwinning het die afgelope tyd effe verbeter – en minder as 1000 word nog deur die Hospice benodig. BAIE DANKIE! Onthou om glasbottels in 'n kartonhouer of plastieksak te bring, en ou tydskrifte, snipperpapier en kartonbokse kan herwin word.

Onthou: HER-dink, HER-gebruik, HERwin!

12. SANDWICH SPREAD

Daar is slegs 'n paar Vrydae oor vir aflewering van toebroodjies aan Macassar Primêre Skool. Aangesien ons slegs vir 2 snye brood met vulsel vra, is dit ons wens dat al hoe meer gesinne betrokke sal raak. 'n Baie spesiale woord van dank aan die leerders wat ekstra moeite gedoen het om 'n vrug, 'n klein lekkertjie of 'n kort boodskap van aanmoediging by hul donasies in te sluit – en natuurlik ook aan diegene wat gereeld meer as een toebroodjie gestuur het. Baie dankie!

13. SPORT SPOGHOEKIE

Gimnastiek

Dean Loubser (Gr 2E5) het deelgeneem aan die SA Nasionale Kampioenskap vir gimnastiek. Hy was algeheel 3rde in sy ouderdomsgroep. Mooi so!

Bergfietsry

Daniel Swartz was eerste in sy ouderdomsgroep vir 'n 21km bergfietsresies.

Atletiek

Ons het deelgeneem aan die Overberg Atletiekbyeenkoms. Die resultate was soos volg:

o/7	Asemahli Solani	60m 1ste	80m 1ste	
o/8	Kyle Kirstein	80m 3de		
o/9	Jabin Joseph	60m 3de	80m 3de	
o/10	Danelle Human	80m 1ste	100m 1ste	
	Dalvon Blood	80m 2de	100m 2de	
o/11	Nina Smit	80m 2de	100m 1ste	
	Rachel Kaps	800m 2de		
o/12	Lauren Vermaak	75m Hekkies 2de		
	Arend Stapelberg	75m Hekkies 1ste	100m 3de	120m 3de
	Nicola Yates	100m 2de	120m 3de	
	Rebecca Kaps	800m 1ste Nuwe Rekord		
o/13	Shannon-Lee Smith	75m Hekkies 1ste	100m 3de	120m 3de
	Paul Smuts	800m 1ste Nuwe Rekord		

Branderplankry

Adin Masencamp het die o/12 en o/14- afdeling van die Rip Curl Gromsearch in Mosselbaai gewen. Adin was die wenner van die o/12 Rip Curl kampioenskap vir 2011 en het tweede gekom in die o/14-afdeling. Adin maak klaar as Nr 1 in SA op die Pro Junior Surf Tour plasing vir 2011. Hy is Nasionale Kampioen vir o/12 en o/13 en Nr 2 in die u/14 ouderdomsgroep. Mooi so!

Tennis

Daniel, Charles en Cindy was deel van die WP Interpro span wat in George aan die Weskaap Toernooi deelgeneem het. WP het die toernooi gewen.

Leaping Wolf Toekenning

Die volgende leerders het hulle Leaping Wolf toekenning behaal:
Dean Jacobs, Jason Thomas, Callum Forrester, Rachel Kaps, Markus Seele, Monique Seele, Bradley Boyd. Baie geluk!

Liga Resultate

Krieket

Span	Opponent	Resultaat	Speler van die wedstryd
o/10A	vs Somerset College	– Beaum wen met 6 paaltjies	Juan Burger
	vs Somerset House	– Beaum wen met 6 paaltjies	Joubert Grobbelaar
o/10B	vs Somerset House	– Beaum wen met 10 paaltjies	Liam Davis
o/11A	vs Gordonsbaai	– Beaum wen	Damian Petersen
o/11B	vs Temperance Town	– Beaum wen	Michard Meets
o/12A	vs Somerset House	– Beaum verloor	Dylan du Pont
	vs Applewood	– Beaum verloor	Dylan du Pont
o/13B	vs Temperance Town	– Beaum wen met 9 paaltjies	Schalk Burger
	vs Loreto	– Beaum wen met 91 lopies	Damon McLoughlin

Tennis

Span	Opponent	Resultaat (stelle)
o/11 Meisies	vs Lochnerhof	Beaum wen 34 : 23
o/11A Seuns	vs Overberg	Beaum verloor 23 : 31
	vs Somerset House	Beaum wen 40 : 10
o/11B Seuns	vs Lochnerhof	Beaum wen 35 : 21
o/13A Meisies	vs Gordonsbaai	Beaum verloor 11 : 18
	vs Eikestad	Beaum wen 40 : 17
o/13B Meisies	vs Hendrik Louw	Beaum wen 40 : 8
o/13A Seuns	vs De Hoop	Beaum wen 40 : 6
o/13B Seuns	vs Somerset College	Beaum wen 28 : 23
o/13C Seuns	vs SWPS	Beaum wen 36 : 28

14. BELANGRIKE DATUMS

Vrydag 11 November	-	DETENSIE (SLEGS GR 4 – 7)
	-	Graad 7 Afskeid & Graad R-3 Nasorg oorslaap
	-	**SPORTPROGRAM EINDIG**
Saterdag 12 November	-	Wild West Gesinsdag 19:00 – 23:30
Maandag 14 November	-	Tennis: Sun City Uitdaging
	-	Gr 2E5 uitstappie na Rosen Castle
	-	Gr 6E4 uitstappie na Heart of Cape Town Museum
Dinsdag 15 November	-	Gr 2A1 uitstappie na Rosen Castle
	-	Gr 6A uitstappie na Heart of Cape Town Museum
	-	Sport Prysuitdeling om 18:30
Woensdag 16 November	-	Gr 2A2 uitstappie na Rosen Castle
	-	Gr 6E1 uitstappie na Heart of Cape Town Museum
Donderdag 17 November		Gr 6E2 uitstappie na Heart of Cape Town Museum
	-	Beheerliggaamvergadering om 18:30
Vrydag 18 November	-	Gr 4-7 eksamen begin
Maandag 21 November	-	Skool sluit om 13:00 tot einde van kwartaal

Vriendelike groete

G Reddell 20/2011
Skoolhoof